# Politieke transformasie as ’n ideologiese denkraamwerk: ’n beleidsdinamiese analise en perspektief

André Duvenhage
Navorsingsdirekteur: Fokusarea 7.2
Volhoubare sosiale ontwikkeling
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: Andre.Duvenhage@nwu.ac.za

**Abstract**

**Political transformation as an ideological framework: an analysis of dynamic policies and perspectives**

*The period after 1994 can be described as the period of political transformation in South Africa. With a revolutionary point of departure, political transformation established itself as a political ideology in South Africa. In general political ideologies are characterised by a hard core of ideas that is extremely difficult to change and a softer periphery (policy application context) that is more pragmatic and dynamic in nature. Changes are normally taking place on the level of the periphery which serves as a protective belt for the hard core of the ideology. Political transformation as an ideology is no exception to this general role and currently needs changes in its protective belt to ensure its survival. This article investigates the ways in which the transformation ideology can reposition itself in the future.*

**Opsomming**

**Politieke transformasie as ’n ideologiese denkraamwerk: ’n beleidsdinamiese analise en perspektief**

*Die periode sedert 1994 kan beskryf word as die periode van politieke transformasie in Suid-Afrika. Met ’n rewolusionêre benadering as vertrekpunt, het politieke transformasie as ideologiese raamwerk in Suid-Afrika beslag gekry. Politieke ideo-*

*logieë akkommodeer in die algemeen ’n harde kern van idees wat uiters moeilik verander en ’n sagter periferie (beleidstoepassingskonteks) wat meer pragmaties en dinamies is. Aanpassings vind meestal op die toepassingskonteks plaas, wat as ’n tipe beskermingsgordel dien vir die harde kern van die ideologie. Hierdie artikel ondersoek die wyses waarop transformasie-ideologieë hulself in die toekoms op beleidstoepassingsvlak kan heroriënteer. Politieke transformasie as ideologie is geen uitsondering op die reël nie en die beleidskonteks moet tans geheroriënteer word om die oorlewering van die ideologie te verseker.*

## 1. Inleidende oriëntering

Die politieke transisie (regeringsverandering) wat Suid-Afrika in 1994 beleef het met die oorname van die ANC, het die weg gebaan vir ’n meer omvangryke veranderingsproses, naamlik politieke transformasie. Dit is daarom korrek om na die periode vanaf 1994 te verwys as die era van “politieke transformasie”. In politieke transformasie het Suid-Afrika te make met die mees omvangryke beplande *top-down*-veranderingsproses sedert hierdie staat in 1910 tot stand gekom het. In sommige kringe word hierna as die “Nasionale projek” van die ANC-regering verwys.

Soos wat die geval was met politieke beleidsraamwerke wat na 1948 op die Suid-Afrikaanse politieke toneel verskyn het (apartheid; afsonderlike ontwikkeling en selfs sekurokratisering) blyk dit dat die periode na 1994 geen uitsondering op hierdie reël verteenwoordig nie. Trouens, in politieke transformasie het Suid-Afrika te make met ’n politieke denkraamwerk wat ideologies net so sterk (of dalk nog sterker) as bogenoemde voorbeelde is.

Vanuit ’n ANC-perspektief is transformasie niks anders as die voortsetting van die Nasionale Demokratiese Rewolusie nie. Hiervolgens moet staat, samelewing en ekonomie in ’n radikale sin verander (getransformeer) word. In hierdie verband het Joël Netshitenze (segsman van President Mbeki) transformasie as uitvloeisel van die Nasionale Demokratiese Rewolusie beskryf in terme van *revolution as the process and society is the outcome* (Msomi, 2007:21). Toenemend word die getransformeerde samelewing met sy kwotas en teikens (gemotiveer vanuit die perspektief van verteenwoordigendheid) verhef tot die enigste norm met die ANC as party wat hierdie mandaat moet uitvoer op letterlik elke terrein van die samelewing, politiek en ekonomie.

Die doel van hierdie artikel is om ’n analities-rekonstruktiewe perspektief oor politieke transformasie as ’n ideologiese denkraamwerk te gee en veral die beleidsdinamika as uitkoms hiervan.[1] Die metodologie is kwalitatief en deduktief van aard deurdat operasionele kriteria afkomstig vanuit ideologiese denkraamwerke (in die algemeen, maar gerig op beleidsformulering en implementering) geïdentifiseer word. Dit word van toepassing gemaak op politieke transformasie in Suid-Afrika. ’n Element van teoriebou (meer induktief van aard) vloei egter voort uit die aangeduide deduktiewe perspektief. Fokuspunte van die bydrae sluit die volgende in:

- Konseptuele en metateoretiese vertrekpunte
- Politieke transformasie as ’n ideologie
- Die beleidsdinamika van die politieke transformasie-ideologie
- Evaluerende perspektiewe

## 2. Konseptuele en metateoretiese vertrekpunte

### 2.1 Konseptualisering

Wanneer die konsep *politieke ideologie* gebruik word, fokus dit op ’n ideëraamwerk wat sy toepassing vind op die terrein van die politiek (instellings, beleid, mobilisasie, retoriek en aksie) en nie soseer op die groter raamwerk van subjektiwiteit binne die (politieke) wetenskap nie. Die begrensing van die konsep (vir doeleindes van navorsing) is dus meer gefokus as Heywood (1997:39) se siening van

> No one sees the world as it is. All of us look at the world through a veil of theories, presumptions and assumptions ... when we look at the world we are also engaged in imposing meaning upon it ... It highlights the need to uncover the presuppositions and assumptions that we bring to political enquiry ... those assumptions are tested in broad political creeds or traditions that are usually termed ‘political ideologies’.

Ideologie kan gesien word as ’n uitvloeisel van die Franse Rewolusie (*science of ideas*) wat spesifieke politieke betekenisse tydens

1 Die artikel is nie gefokus op transendentale kritiek op die transformasie-ideologie nie en fokus op die beleidsmatige uitkomste en veral beleidsdinamika hieraan verbonde.

die industriële fase ontwikkel het en wat tot groot hoogtes tydens die Koue Oorlogfase (1945-1989) gevoer is.

Die bekende en ook omstrede bydrae van Francis Fukuyama, *The end of history* (1989), het egter koue water gegooi oor die plek en rol van ideologieë. Fukuyama (1989:3-18) het geargumenteer dat met die val van kommunisme wêreldwyd net een ideologie getriomfeer het, naamlik dié van 'n demokratiese, vryemarkgerigte beskouing en dit het effektief die einde van ideologiese konflik en dus ideologie beteken. 'n Ideologie veronderstel dus hiervolgens 'n konflik of dialektiek as 'n belangrike bestaanskondisie.

Hoewel ideologiese denke in hulle Koue Oorlogsformaat bepaald momentum verloor het, het ander skrywers waaronder Barber (1996) en Huntington (1996) die grondslag van politieke konflik (en dus ook ideologie) gaan soek in antropologiese en religieuse oortuigings. Barber (1996) se konflik tussen Jihad, McWorld en Huntington (1996) se *The clash of civilizations* kan hier as voorbeeld gebruik word. Suid-Afrika het 'n ideologie van rasse en etniese segregasie met wortels wat terugdateer na die 17de eeu. Die beëindiging van apartheid het hierdie pendulum na die ander uiterste van gedwonge etniese en rasse-integrasie geneem met duidelike ideologiese karaktereienskappe.

Vir doeleindes van hierdie artikel (met as fokus beleidsdinamiese uitkomstes van ideologiese raamwerke) word 'n politieke ideologie voorgehou as:

> A belief system by virtue of being designed to serve on a relatively permanent basis a group of people to justify in reliance on moral norms and a modicum of factual evidence and self-consciously rational coherence the legitimacy of the implements and technical prescriptions which are to ensure concerted action for the preservation, reform, destruction or reconstruction of a given order. (Seliger, 1976:120.)

Politieke ideologieë word filosofies gekenmerk deur 'n verstarde en gestolde lewens- en wêreldbeskouing wat poog om alles gesaghebbend te verklaar en in terme van 'n vereenvoudigde logika wat telkens beleidsmatig na vore kom, te interpreteer. Bykans sonder uitsondering het beleidsraamwerke en veral beleid in toepassing 'n ideologiese grondslag met 'n eiesoortige beleidsdinamika wat die fokus van so 'n artikel vorm. Hierdie artikel konsentreer egter eerder op die beleidsmanifestering van ideologieë as die filosofiese grondslag daarvan – 'n aspek wat in die literatuur swakker belig word as laasgenoemde.

Uitgaande van bogenoemde vertrekpunt kan geargumenteer word dat alle vorms van politieke aksie voortspruit, of ten minste gemotiveer word, vanuit ’n bepaalde ideologiese grondslag – hoe dit ook al gedefinieer word. Politieke beleidsraamwerke kan hiervolgens gesien word as spesifieke uitkomstes van onder meer ideologiese denkraamwerke. Volgens Seliger (1976) se perspektief akkommodeer ideologieë in die algemeen drie struktuurkomponente, te wete:

- ’n Rekonstruksie en interpretasie van ’n bestaande toedrag van sake – dit wil sê ’n bestekopname van ’n onaanvaarbare status quo – in terme van ’n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing met ’n spesifieke filosofiese grondslag.
- Dit tipeer ’n ideale toestand, utopies van aard, wat in skrille kontras met die voorafgaande analise staan. Hier is dus sprake van ’n dialektiek of konflik! Hiervolgens word ’n *goeie, regverdige* en *ideale* samelewing wat nagestreef moet word, geprojekteer. Dit staan dialekties teenoor die negatiewe analise van die status quo.
- ’n Sosiaal-politieke program van verandering word vooropgestel om die onaanvaarbare sosiale, ekonomiese en politieke aspekte van die status quo te verander tot dít wat in ’n utopiese sin as die ideale toestand geprojekteer word.

Met bogenoemde operasionele konseptualisering en analitiese raamwerk as vertrekpunt, word daar nou op die dinamika van ideologiese raamwerke gefokus met die klem op die beleidsdinamika hiervan.

## 2.2 Die dinamika van ideologiese denkraamwerke

Die dinamika van politieke ideologieë kan ten beste verduidelik word deur dit in analogie voor te stel met Imre Lakatos (1970) se metateoretiese voorstelling van die ontwikkeling (dinamika) van *navorsingsprogramme* – sy ekwivalent vir paradigmas. Volgens Lakatos (1970:91-196) bestaan ’n navorsingsprogram (paradigma) uit ’n *harde kern* (religie; filosofiese oortuigings; domein-aannames; ensovoorts) en *teorieë* (konseptuele raamwerke). Laasgenoemde funksioneer as die *beskermingsgordel* (*protective belt*) van eersgenoemde. Waar die harde kern konstant, stabiel en relatief vasstaande is, is dit nie die geval met die beskermingsgordel nie. In hierdie verband interpreteer Ball (1976:165) die Lakatos-vertrekpunt soos volg:


> A good research programme is a good swimmer – mainly because its 'protective belt' serves as a lifebelt keeping the 'hard core' afloat on an ocean of anomalies. So long as this belt can be adjusted in a 'progressive' (i.e. content increasing) way, the research programme is in no danger of sinking ...

Hierdie perspektief kan ook op politieke ideologieë van toepassing gemaak word om die dinamika van hierdie tipe ideëraamwerke beter te verstaan.

Politieke ideologieë soos navorsingsprogramme (paradigmas) het ook 'n *harde kern* of 'n stel fundamentele oortuigings wat deur 'n sosiaal-politieke program, die beskermingsgordel van die idee, ten uitvoer gebring moet word. Hierdie sosiaal-politieke program (politieke leierskap; beleidsraamwerke; politieke institusionalisering, ensovoorts) vervul 'n beskermingsgordel om die harde kern van die ideologie, soos teorie binne navorsingsprogramme en poog dan om die politieke oorlewing/uitbouing hiervan te verseker. 'n Onvermoë van institusionele en politieke beleidsraamwerke om die ideaal, soos verteenwoordig deur die harde kern, ten uitvoer te bring, kan lei tot aanpassings in die sosiaal-politieke program en sy toepassingskonteks. Die beskermingsgordel word dus aangepas (geheroriënteer) om te verseker dat die ideaal, soos vasgelê in die harde kern, nie net oorleef nie, maar ook versterk en uitgebou word. Aanpassings (*progressive problem shifts*)[2] verseker die oorlewing en/of uitbouing van die ideologie en sy toepassing. 'n Onvermoë sou kon dui op 'n onvermoë om aan te pas en lei dus tot die tot niet gaan van die harde kern en die ideologiese raamwerk. 'n Voorbeeld in hierdie verband is die dinamika wat kommunisme (gebou vanuit die ideologie van rewolusie) in die ou Soviet-Unie beleef het, waar verskeie aanpassings (*progressive problem shifts*) voorgekom het, byvoorbeeld Leninisme, Stalinisme, die Bresjnev-doktrines, Glassnost en Perestroika en, na die val van die Soviet-Unie, demokratiese-sosialisme.

2 'n *Progressive problem shift* word as progressief beoordeel in terme van die *harde kern* van die spesifieke ideologie en nie soseer in terme van die belang van die samelewing nie. Die ontplooiing van ideologieë binne 'n beplande toepassingskonteks kan selfs kontra die vooropgestelde ideale (*harde kern*) werk en is dus nie noodwendig *progressief* nie. Trouens, die doelmatige bevordering van die ideologiese saak werk telkens kontra tot die belang van die burgery, soos die Nasionale Sosialistiese, Kommunistiese en Apartheidsideologieë ook alreeds bewys het.

Die Afrikaner-volksideologie het, soos kommunisme, ook verskeie *progressive problem shifts* ervaar, byvoorbeeld vorme van partisie, apartheid, afsonderlike ontwikkeling, konsosiatiewe demokrasie, sekurokratisering, onderhandeling en minderheidsregte. Skematies kan die dinamika van ideologieë op beleidsvlak soos volg voorgestel word:




**Beskermingsgordel/Fases/Dinamika**

Om die ideologiese ideaal soos gedefinieer dus in die harde kern te beskerm, pas die politiek-institusionele raamwerke (die beskermingsgordel) op 'n dinamiese wyse aan om die ideologie en dit waarvoor dit staan, te laat oorleef en om dit uit te bou op 'n bykans Sosiaal-Darwanistiese wyse.

Bogenoemde metateoretiese raamwerk sal die grondslag verskaf vir die verstaan van die dinamika van politieke transformasie as ideologiese denkraamwerk in Suid-Afrika na 1994.

## 3. Politieke transformasie as 'n ideologie

Politieke transformasie kan gedefinieer word as die snelle progressiewe, omvangryke en fundamentele politieke verandering van

die samelewing, voortspruitend uit ’n onaanvaarbare politieke verlede, wat die vorm aanneem van sentrale beplanning (sosiale ingenieurswese en politieke manipulasie), soms hegemonies bedryf, met die beklemtoning van verandering in die algemeen en konflikbestuur in die besonder (Duvenhage, 2005a:11). Politieke transformasie as ideologiese denkraamwerk kan gerekonstruktureer word deur op die volgende sake te konsentreer:

## 3.1 Reaksie teen ’n onregverdige verlede (status quo)

Hierdie aspek vorm deel van die kritiek op ’n onaanvaarbare status quo – in hierdie geval die geskiedenis van kolonisasie en in besonder die voorstelling daarvan in apartheid en wat hiermee geassosieer word. In die onreg van die verlede lê regverdiging vir politieke optrede, soms drastiese optrede om die staat en samelewing op ’n beter en regverdiger koers te plaas. In die bekende Heropbou en Ontwikkelingsplan word die koloniale en apartheidsverlede soos volg beskryf:

> Our history is a bitter one dominated by colonialism, racism, apartheid, sexism and repressive labour policies. The result is that poverty and degradation exist side by side with modern cities and a developed mining, industrial and commercial infrastructure. Our income distribution is racially distorted and ranks as one of the most unequal in the world. Women are still subject to innumerable forms of discrimination and bias. Rural people are marginalized. Throughout, a combination of lavish wealth and abject poverty characterizes our society. (RDP-White Paper on Reconstruction and Development, 1994:5.)

In reaksie op die onaanvaarbaarheid van die status quo word fundamentele verandering van ’n progressiewe aard voorgestel.

## 3.2 ’n Nuwe en beter samelewing (utopia) en toekoms

In die postapartheidsera (1994 tot op datum) moet die apartheidsbedeling en sy ongewenste nalatenskap vervang word met progressiewe verandering in terme van die eindoogmerk van *’n verenigde, nierassige, nieseksistiese en demokratiese Suid-Afrika*. Die ideaal is ’n politieke bedeling wat fundamenteel beter is as die voorafgaande apartheidsbedeling en wat op ’n moreel-politieke hoëgrond kan aanspraak maak.

Die volgende word gereken tot die kern (sentrale filosofie) van hierdie beskouing (ANC, 1997a 17; Duvenhage, 2005b:6):

- Die vestiging van demokratiese instellings wat op verteenwoordigendheid aanspraak kan maak.
- Die bewerkstelliging van ’n nie-rassige demokratiese bedeling.
- Die inisiëring van ’n vooruitstrewende, volhoubare en ontwikkelingsgeoriënteerdheid ten opsigte van die Suid-Afrikaanse en die Pan-Afrikaanse samelewing (NEPAD en die Afrika Unie).
- Die toepassing van omvattende chirurgie “... to meet the mass revolutionary challenge ...” met as fokus sosiale en politieke ingenieurswese.

In die Heropbou en Ontwikkelingsplan word die strategie van progressiewe verandering soos volg voorgestel:

> At the same time, the challenges facing South Africa are enormous. Only a comprehensive approach to harnessing the recources of the country can reverse the crisis created by apartheid. Only a through-going effort to harness the life experiences, skills, energies and aspirations of the people can lay the basis for a new South Africa. (RDP White paper on Reconstruction and Development, 1994:6.)

Soos afgelei kan word, is bogenoemde verandering egter nie net progressief nie, maar ook fundamenteel en verreikend.

### 3.3 ’n Sosiaal-politieke program van fundamentele en verreikende verandering

Transformasie as modus van verandering kombineer die snelheid van rewolusies met die nie-gewelddadigheid van rewolusies om aan ’n eiesoortige veranderingsmodus beslag te gee. Hierdie kom baie ooreen met die Stalinistiese konsep van *revolution from above* (Duvenhage, 2005a:9-19, 17). In dokumentasie van die ANC word transformasie gesien as die wyse waarvolgens die Nasionale Demokratiese Rewolusie volvoer moet word. In *ANC Today* het die huidige adjunk-president van die organisasie, Kgalema Montlantle (2007:5-6), die aangeleentheid só beskryf:

> The theatre of the revolution was always on home soil. In the factories, schools, villages, townships, mine compounds and on the streets of South Africa. Whether in underground work, MK operations or mass activism, the South African revolution was forged within South Africa. Those forced to exile or in prison provided vital and critical rear bases for the conduct of revolutionary struggle ... But, like everything else, revolution is

> not a destination. It is a journey. While victory has been achieved, in the sense that the racist regime has been replaced by a democratic order, the revolution is not over. In fact it has just begun in earnest following the 1994 democratic elections.

Eie aan die veranderings wat met “rewolusies” geassosieer word, is dit nie net progressief en fundamenteel nie, maar ook verreikend in die sin dat elke terrein van die samelewing, politiek en ekonomie hierdeur geïmpliseer word. Op nasionale vlak word die omvangrykheid van beoogde veranderings op sosiale vlak soos volg voorgestel:

> Our programme for social transformation must therefore ensure that it builds a better life by providing land and houses, comprehensive health and security, basic resources which include water and sanitation, human resource and capacity building, clean and safe environment, food security and an improvement in the health profile, including dealing with communicable and non communicable diseases, causes of mortality, and sports and recreation. (ANC, 2002b:1.)

Hierdie tipe verandering is egter nie moontlik sonder deeglike beplanning nie.

## 3.4 Beplande politieke verandering

Die feit dat ’n politieke ideologie ’n sosiaal-politieke program van verandering akkommodeer, beteken dat aksieplanne van stapel gestuur moet word. Ooreenkomstig die harde kern van die ideologie moet instellings en beleidsraamwerke tot stand kom om die samelewing progressief, fundamenteel en verreikend te verander. Die beplande aard van die voorgestelde politieke verandering vind sy oorsprong in sleuteldokumente soos die Vryheidsmanifes, Die Harare Deklarasie en die 1994/1996-Grondwet wat ’n bepaalde *harde kern* voorstel. As uitvloeisel hiervan moet die spreekwoordelike rewolusie *geïnstitusionaliseer* word. Tussen 1994 en 2003 het nie minder nie as 870 stukke wetgewing die lig gesien wat ten doel het om politieke verandering doelmatig te reguleer en te bestuur ten einde die gewensde verandering te bewerkstellig (vgl. Duvenhage, 2005a:20). Wesenlik kom bogenoemde neer op omvattende en uitgebreide sosiale en politieke ingenieurswese as uitvloeisel van die vooropgestelde rewolusionêre ideaal waarin die party ’n sleutelrol moet speel en die staat en gepaardgaande institusionele vermoëns en kapasiteite hiervoor gebruik word. Beplande verandering het daarom te make met politieke leierskap, waarin ANC-affiliasie en die kaderbeleid vooropstaan; die ontwikkeling van struktuur op alle

vlakke van die samelewing wat die nodige uitkomstes (dienslewering) kan bewerkstellig; kapasiteitskepping waar nodig (beleidsbepaling, intervensie, koördinasie, beplanning, ensovoorts); en die vestiging van 'n kultuur wat in ooreenstemming is met die Batho Pele-beginsels en etos wat die nodige onderbou (waardesisteem) vir suksesvolle politieke transformasie moet verskaf (ANC, 2002a:2).[3]

Om bogenoemde sosiaal-politieke program van die grond af te kry, is uitgebreide strategiese beplanning nodig en moet die rewolusie strategies gesproke geoperasionaliseer word.

## 3.5 Strategiese politieke beplanning

In politieke transformasie het die regering na 1994 besluit om elke terrein van die samelewing (staat, ekonomie en sosiale strukture) fundamenteel te verander om te voldoen aan dit wat as die kern van politieke transformasie voorgehou word. Hieroor is uitgebreide sentraal beplande strategieë 'n noodsaaklikheid. Die oorname van die regering, dit wil sê die verkryging van politieke mag en die konsolidasie hiervan binne die groter staatkundige orde, is 'n sleutelvoorvereiste vir sosiale en ekonomiese transformasie.

Die operasionalisering van politieke transformasie in 'n strategiese sin herinner in sekere opsigte aan Stalin se "revolution from above", soos toegepas in Oosblokstate na 1945 en wat deur Laqueuer (1968: 506) beskryf word as "... the reshaping of society by a dictatorial regime controlling a centralized state apparatus and an all-prevailing party organization".

Hoewel daar binne die Suid-Afrikaanse politieke konteks steeds demokratiese en vryemarkpraktyke bestaan, moet die uitgebreide rol van die party binne die groter regime en staat nie onderskat word nie. Groter partybeheer oor die staat (tans weer hoog op die politieke agenda) en die bereiking van demografiese verteenwoordigendheid deur middel van *cadre deployments* en regstellende aksie lê aan die hart van die operasionalisering van strategiese beplanning, met 'n getransformeerde samelewing as uitkoms (vgl. ANC, 1997b:3, 4; ANC, 2002a; ANC, 2002b en ANC, 2002c).

3 Die Batho Pele-raamwerk beklemtoon sake soos konsultasie, hoë vlakke van dienslewering, toegang tot dienste en inligting, deursigtigheid, diens aan gemeenskappe en waarde vir belasting (ANC, 2002a:4).

Die implementering van politieke transformasie moet deeglik deur die party/regime/staat beheer en gekontroleer word terwyl opponente van die rewolusie (teen-rewolusionêre kragte) geïdentifiseer en geneutraliseer word. In terme van laasgenoemde moet opponente van politieke transformasie vervang word met diegene vanuit die kaders van die regerende party, dit wil sê "... a cadre policy ensuring that the ANC plays a leading role in all centres of power" (ANC, 1997a:7) in belang van die "nasionale projek" van politieke transformasie.

Waar die ANC na 1994 bloot 'n regerende party – eintlik steeds 'n bevrydingsbeweging – was met beperkte regime invloede, het die situasie sedertdien drasties verander en was regimebeheer een van die mees belangrike prioriteite van die nuwe bewind. In terme van die doelstelling van transformasie van staatsinstellings, verklaar die ANC (1997a:16) soos volg:

> Thus it is a critical part of the ANC's programme to change the doctrines, the composition and the management style of all these structures to reflect and serve South African society as a whole ... Success in transformation will depend critically on the role of the state.

Die uitkoms na bykans dertien jaar is 'n getransformeerde staatsektor met die ANC stewig in beheer van staatsmag op alle vlakke van regering asook alle sleutelkomponente van die regime. Die cadre policy and deployment strategy (ANC, 1997b 1-6), het as doel:

- Die sentralisasie van mag binne die ANC en spesifiek die Nasionale Werkskomitee (NWK);
- kaders bly te alle tye aanspreeklik aan partystrukture;
- partybeheer oor staatsinstellings (die party beheer die staat in ooreenstemming met die praktyk en filosofie van ou kommunistiese state);
- die verstewiging van die ANC-hegemonie oor die burgerlike samelewing.

Sentra wat uitgesonder is om beheer te word, sluit in:

- **Staatsektor:** weermag, polisie, intelligensie, staatsdepartemente, die regbank en reserwebank

- **Burgerlike samelewing:** sport, ekonomie en uitsaaiwese

Die uitkoms was ’n party, gestruktureer as ’n bevrydingsbeweging, in volledige beheer van die regime (politieke stelsel) binne die raamwerk van die groter staat. ’n Duidelike politieke vereenselwiging en selfs konflikterende verhouding tussen staat (sy normatief-grondwetlike aard) en regime (onder die vaandel van die party) is ’n belangrike dinamika binne die groter Suid-Afrikaanse politieke omgewing.

In terme van die bereiking van die fundamentele doelstelling van groter "demografiese verteenwoordigendheid" is die filosofie *to South-Africanise South Africa* en speel wetgewing ten opsigte van Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) ’n sentrale rol. Swart Ekonomiese Bemagtiging kan voorgehou word as ’n geïntegreerde en samehangende sosio-ekonomiese proses wat die ongelykhede van die verlede moet uitskakel. Historiese ongelykhede moet hiervolgens uitgeskakel word deur middel van beheerde (bestuurde) toekenning van eienaarskap. Bestuur en beheer van Suid-Afrika se finansiële en ekonomiese hulpbronne moet aan die meerderheid van die inwoners van die land gaan. Ekonomiese bemagtiging van veral swart mense in die ekonomie moet bydra tot volhoubare ontwikkeling en vooruitgang in ooreenstemming met die oorhoofse transformasiedoelstelling (Wikipedia, 2007:1-3; Marr, 2006:1-2).

In terme van die implementering van die plan word ’n sektorale handves met telborde (om vordering te moniteer) in werking gestel op terreine soos reklame, landbou, finansies, gesondheid, bosbou, inligting en kommunikasie, die mynbedryf, die eiendomsbedryf, toerisme, vervoer, professionele beroepe, die reg, die petroleum industrie en siviele ingenieurswese. SEB-vordering word gemeet en gemoniteer op letterlik elke terrein van die samelewing om te voldoen aan die eis van transformasie en die voortspruitende eise van bemagtiging en verteenwoordigendheid.

Om saam te vat: die logika van die ideologie van politieke transformasie lê opgesluit in ’n reaksie teen die apartheidsverlede en die snelle en omvangryke herskikking van politieke en ekonomiese kragte in die samelewing ooreenkomstig ’n bloudruk, wat as uiters progressief beoordeel kan word. Hiervolgens moet uitdrukking gegee word aan ’n verenigde, nierassige en niediskriminerende samelewing waarin die politieke magshebbers leiding neem om politieke verandering ook op sosiale en ekonomiese terrein te laat inslag vind. Dit beteken dat kontrolemeganismes in plek geplaas moet word waarin die verteenwoordigende formule as bepalend gereken en toegepas moet word.

Die ontplooiing van politieke transformasie as ideologiese raamwerk het 'n dinamika openbaar wat verduidelik kan word teen die agtergrond van die metateoretiese raamwerk wat vroeër ontwikkel is.

## 4. Die dinamika van die politieke transformasie-ideologie

Die metateoretiese raamwerk waarvolgens die dinamika van ideologiese denkraamwerke aangedui word, beklemtoon die aanwesigheid van 'n stabiele harde kern omring deur 'n beskermingsgordel, wat op 'n dinamiese wyse aanpas om die oorlewing, uitbouing en suksesvolle toepassing van die ideëraamwerk te verseker. Hiervolgens moet *progressive problem shifts* binne die beskermingsgordel die oorlewing en uitbouing van die harde kern van die ideologie verseker. Die ideologie van politieke transformasie blyk geen uitsondering op hierdie reël te wees nie. In terme van die harde kern van politieke transformasie word die bereiking van 'n verenigde, nierassige, nieseksisties en demokratiese samelewing vooropgestel in reaksie op 'n diskriminerende koloniale en apartheidsverlede. Die dialektiek as 'n belangrike bestaanskondisie van ideologieë is dus duidelik aanwesig!

Wat die beskermingsgordel aanbetref kan die dinamika in terme van drie toepassingskontekste aangedui word, naamlik die periode 1994-2002/2003 en die fase na 2002/2003. Die huidige tydsgewrig verteenwoordig egter 'n omgewing wat die terrein voorberei vir 'n volgende toepassingskonteks. Die drie toepassingskontekste is onderskeidelik soos volg:

- Van transisie tot transformasie
- Die operasionalisering van politieke transformasie
- Politieke krisis en die behoefte aan 'n "*progressive problem shift*"
- 'n Nuwe toepassingskonteks

Aan hierdie toepassingskontekste word vervolgens aandag gegee.

### 4.1 Van transisie tot transformasie

Tydens die eerste fase en in 'n gees van nasionale versoening wat die Mandelatydperk en daaropvolgende jare gekenmerk het, het die toepassingskonteks (beskermingsgordel) die volgende beklemtoon:

- Regeringsoorname en aksiestappe om regeringsbeheer op alle vlakke te bewerkstellig;
- ’n konsosiatiewe benadering in terme van die bestuur van politieke konflikte en verwagtings;
- die formulering van nuwe spelreëls binne ’n veranderende politieke omgewing (makrososiale en politieke ingenieurswese);
- elitebemagtiging in terme van die aanstelling van ANC-leierskorps in sleutelposisies binne die staat en regering;
- makrostrategiese beplanning met ’n *top down*-benadering as vertrekpunt;
- die mobilisasie van politieke steun op ideologiese (bevrydings-) gronde.

Vergelyk ook Duvenhage (2005b:8-16) vir meer besonderhede oor die dinamika van politieke transformasie in Suid-Afrika.

In hierdie fase is die grondslag vir ideologievorming gelê en was beheer oor die instrumente van politieke mag aanvanklik te beperk om uitdrukking te gee aan ’n volwaardige en volgroeide ideologie. Anders gestel, die Nasionale Demokratiese Rewolusie was afhanklik van politieke beheer en gekonsolideerde staatsmag om die ideologie na behore te kan operasionaliseer. Binne die tweede toepassingskonteks is daar meer volledig aan hierdie vereiste voldoen.

## 4.2 Die operasionalisering van politieke transformasie

Die oorname van Mbeki as President met ’n eiesoortige leierskapstyl en die vervanging van die dominansie van die *Robbeneilanders* met dié van *Exciles* binne die ANC, het tot die beklemtoning van nuwe prioriteite gelei en ’n andersoortige toepassingskonteks die lig laat sien. Dit kontrasteer in baie opsigte skerp met die voorafgaande fase. Die volgende is kenmerkend van die periode na 2002/2003:

- Regeringsbeheer is uitgebou om ook regimebeheer in te sluit met die konsolidasie van politieke magsbasisse op alle vlakke;
- die implementering van nuwe transformasiespelreëls en die beklemtoning van veranderingsbestuur (*to make the new South Africa work*);

- *cadre deployments* van lojale ondersteuners binne die groter politieke regime het plaasgevind – dit het veral ná 1997 in momentum toegeneem;
- ’n konflikbenadering, wat in talle opsigte kontrasteer met die vroeëre konsosiatiewe benadering, was na afloop van die 1994-verkiesing meer prominent aanwesig;
- die mobilisasie van politieke steun met ’n sterker neo-patrimoniale grondslag;[4]
- ’n beklemtoning van die vryemarkbenadering in terme van GEAR en ASGISA as vertrekpunt tot ekonomiese groei en ontwikkeling – dit kontrasteer met ’n sterker sosialistiese inslag wat prominent was binne die Heropbou en Ontwikkelings- (HOP-) filosofie;
- die uitbou (operasionalisering) van die nasionale projek op alle vlakke van die staat, maar veral ook binne die groter samelewing en ekonomie.

Binne hierdie toepassingskonteks het die ideologie van politieke transformasie, waarvan die grondslag vroeër gelê is, ’n duidelike konsolidasiepunt bereik met die doelmatige en konsekwente toepassing van ’n sosiaal-politieke program van verandering. Soos dit egter met ideologieë van hierdie aard gebeur, is die bereiking van doelwitte nie outomaties nie.

Hierdie toepassingskonteks bevind hom tans in ’n krisis met groot ideologiese konflikte wat binne die regerende ANC woed en ’n gepaardgaande dinamika wat die behoefte beklemtoon aan ’n nuwe toepassingskonteks.

---

4 Bratton en Van de Walle (1997:62) verbind neo-patrimoniale tendense (*patron-client relationships*) met ten minste 40 Afristate en beskryf die politieke implikasies hiervan soos volg:

> The Chief Executive and his inner circle undermine the effectiveness of the nominally modern state administration by using it for systematic patronage and clientelist practices in order to maintain political order. Moreover, parallel and unofficial structures may well hold more power and authority than the formal administration.

Hierdie tendens is ook waarneembaar in die Suid-Afrikaanse politiek.

## 4.3 Politieke krisis en die behoefte aan 'n *progressive problem shift*

Sedert 2004/2005 het die barste en krake binne die ANC, wat lank reeds aanwesig was, al hoe duideliker na die oppervlak gekom. Hierdie barste en krake verwys na konflikte binne die groter raamwerk van die spreekwoordelike *broad church* van die ANC. Dit is histories en sosiologies van aard. Konflikterende belangegroepe met 'n historiese verwysing sluit *exiles*, *inciles* en *Robbeneilanders* in, terwyl sosiologiese verskille appelleer op sake soos ras, kultuur, etniese groep, generasie en geslag (vgl. Duvenhage, 2006:16-18).

Hierdie konflikte wat besig is om in 'n krisis binne die ANC te ontwikkel, moet verstaan word teen die breër agtergrond van die noodsaak vir institusionele en organisatoriese aanpassing en spesifiek die behoefte aan 'n eiesoortige transformasie van 'n bevrydingsbeweging na dié van 'n politieke party. Hierdie transformasie stel 'n tweeledige eis, naamlik leierskap (transformatiewe leierskap) en 'n ideologiese raamwerk wat die konflikterende kragte kan saamsnoer in terme van groter eenheid en samehorigheid, soos die bevrydingsideologie van ouds. Die afwesigheid van transformatiewe leierskap binne die ANC en die ideologiese konflik oor 'n gepaste toepassingskonteks domineer tans die politiek van die ANC. Die leierskapkonflikte (tans endemies binne die ANC) is slegs 'n simptoom van hierdie groterwordende problematiek van transformasie, en veral die afwesigheid van 'n duidelike ideologiese raamwerk wat hierdie veranderingsproses polities gesproke behoorlik kan rig. Volgens die dinamika van ideologieë word 'n *progressive problem shift* benodig en die behoefte aan 'n nuwe toepassingskonteks bestaan wat die uitbouing/oorlewing van die harde kern (voorgestel as die Nasionale Demokratiese Rewolusie) kan verseker.

Benewens die krisis binne die raamwerk van die ANC, het die Nasionale Projek van Transformasie 'n inherente disfunksionaliteit met betrekking tot die uitvoering en toepassing hiervan ontwikkel. Die sterk staat wat benodig word vir die volvoering van die projek, ontwikkel toenemend die beeld wat met sagte state, swak state en selfs mislukte state (*failed states*) geassosieer word. (Vgl. Geldenhuys, 1999:37-56 en Zartman, 1995:1-4 vir die onderskeiding van hierdie tipologie van disfunksionele state.) Hierdie disfunksionele konteks word duidelik gereflekteer met verwysing na sake soos die volgende: die plaaslike regeringskrisis en 'n onvermoë om basiese dienste doelmatig te lewer (139 van die 284 munisipale strukture ontvang tans hulp van die Nasionale Regering onder Projek Konsolideer); politieke ontevredenheid en opstande in al nege

provinsies as gevolg van onder meer swak dienslewering; die inploffing van sommige provinsiale bedelings waaronder die Oos-Kaap en Mpumalanga; krisisse binne Nasionale staatsdepartemente waaronder Binnelandse Sake, Onderwys en Gesondheid. (Vgl. Duvenhage (2005b:16-18) vir besonderhede oor die disfunksionele aard van transformasiepogings.)[5]

Hierbenewens skep breinkwyn, wat onder meer toegeskryf word aan regstellende aksie, en *cadre deployment*, kundigheidsgapings waarsonder doeltreffende politieke bestuur en dienslewering nie altyd moontlik is nie. Die volgende statistieke is insiggewend: daar word bereken dat tussen 1994 en 2006 841 000 blankes die land verlaat het; daar is bykans een miljoen vakante poste in die ekonomie; 100 000 Suid-Afrikaanse verpleegsters is in Londen werksaam; 68 000 wetenskaplikes het Suid-Afrika tussen 1994 en 2001 verlaat (Van Tonder & Ueckermann, 2007:1; Tancred, 2005:21; Van Aardt, 2006:4). Transformasieteikens word telkens nie bereik nie soos wat die geval is met byvoorbeeld grondhervorming in Suid-Afrika. In die periode 1994-2004 is 2,9% (25 miljoen hektaar) teen 'n koste van R4,6 miljard oorgedra. Indien die gestelde teiken van 30% teen 2014 behaal wil word, moet 0,38 miljoen hektaar per jaar oorgedra word. Teen die huidige tempo sal dit eers teen 2058 bereik word (Senwes, 2004; Bosman, 2007:9).

Ook in terme van die eis van funksionaliteit om transformasiesuksesse te verseker, is daar 'n behoefte aan 'n nuwe toepassingskonteks.

### 4.4 'n Nuwe toepassingskonteks

As bevrydingsbeweging was die doelwit van die ANC vóór 1994 baie duidelik: vernietig apartheid en bewerkstellig 'n verenigde, nierassige, nieseksistiese en demokratiese Suid-Afrika, los van diskriminerende praktyke. Bogenoemde is in belangrike opsigte bereik – waarheen nou? Ideologiese verskille oor waarheen daar beweeg moet word, het reeds vroeg ontstaan en geleidelik beslag gegee aan twee duidelike kampe binne die ANC, naamlik diegene wat die ontwikkelingstaatsgedagte op die basis van 'n neo-liberale ideologie wil bestuur en diegene wat sterker demokraties-sosialisties is en populisties na die situasie kyk. Wanneer die Mbekikamp, wat bande

5 Teen Desember 2000 het die uitstaande skuld van die plaaslike regering reeds R23,7 miljard beloop (Youens, 2003:20). Vergelyk ook Duvenhage (2005a:29-31) vir meer besonderhede oor die plaaslike regeringskrisis in Suid-Afrika.

met laasgenoemde groep het, en die Zumagroep wat meer populisties van aard is, teenoor mekaar geplaas word, gaan dit dus nie net oor wie uiteindelik leier gaan wees nie, maar veral watter ideologie en gepaardgaande struktuur gaan triomfeer (Duvenhage, 2006:16-18). Dit is min of meer waarna Gumedi (2005) verwys as hy skryf van die stryd om die siel van die ANC – ’n verdelingslyn wat op alle vlakke, ook provinsiaal en plaaslik, woed en bydra tot onstabiliteit binne die party, maar ook binne die regering en die groter regime.

’n Nuwe toepassingskonteks en hoe dit vorentoe kan ontplooi kan ten beste verstaan en selfs voorspel word deur kortliks te konsentreer op Brinton se *The anatomy of revolution* (1965) en oorsaak-gevolgrelasies binne die groter teorie. Volgens Brinton (1965: 3-235) vertoon rewolusies ’n bepaalde patroonmatigheid, dit wil sê ’n bepaalde dinamika, wat kan bydra om die toepassingskontekste van hierdie ideologie beter te verstaan. Die patroonmatigheid van rewolusies teen die agtergrond van sy ontledings van die Engelse (1640), die Amerikaanse (1774), die Franse (1789) en die Russiese (1917) rewolusies word aangetref in ’n aantal onderskeibare fases. Wat die verloop van bogenoemde rewolusies betref, het veral vier fases betrekking, naamlik die heerskappy van die gematigdes, die heerskappy van die ekstremiste, die skrikbewind en Thermidor (vgl. Brinton, 1965:121-147, 148-175, 176-204, 205-236).[6]

Met bogenoemde patroonmatigheid as vertrekpunt is die vraag uiteraard of die transformasie-ideologie (voorgestel as die Nasionaal Demokratiese Rewolusie) sy toepassing gaan herdefinieer met ’n meer radikale konteks, as fokus, naamlik die beweging van gematigdheid na radikalisme en skrikbewind of die beweging na groter gematigdheid, voorgestel as die Thermidor. Hiervolgens moet die toekomstige toepassingskonteks óf *Thermidor-gematigd*, óf *Jakobyns- radikaal* wees.

### 4.4.1 Thermidor gematigd

Gematigdheid as ’n toepassingskonteks berus daarop dat die Nasionale Demokratiese Rewolusie eintlik ’n onderhandelde skikking

6 Die Russiese Rewolusie, die belangrikste rolmodel vir die ANC, het nie ’n konvensionele Thermidor soos in Frankryk en die VSA ervaar nie. Dit het tot gevolg dat in sommige kringe hierdie rewolusie as ’n “aaneenlopende skrikbewind” of “permanente rewolusie” beskou is. ’n Soortgelyke perspektief bestaan binne die ANC ten opsigte van die Nasionale Demokratiese Rewolusie.

was. Dit het as 'n tradisie van bestuurde verandering gevestig geraak, en in analogie met Brinton, is die radikale momente van die veranderingsproses besig om plek te maak vir groter gematigdheid (Thermidor). Die Thermidor-verwysing beklemtoon die terugswaai van die spreekwoordelike politieke pendulum na 'n periode van groter politieke stabiliteit, gematigdheid en verdraagsaamheid, wat elemente van die ou beleid vervat en waar gematigdheid, realisme en groter pragmatisme in die hantering van komplekse sosiaal-politieke en sosiaal-ekonomiese vraagstukke bepleit word. Hierdie toepassingskonteks beklemtoon sake soos die volgende: (vgl. Brinton, 1965:205-236):

- Gematigdheid en die vooropstelling van algemene belang, asook nasionale versoening;
- historiese ooreenkomste soos dié van 1994 word pragmaties hanteer in terme van eise, probleme en konflikterende belange/verwagtings;
- retoriek en simboliek reflekteer 'n gematigdheid en die vooropstelling van algemene belang en versoening;
- demokratiese waardes word vooropgestel en die fondament word gelê vir demokratiese konsolidasie.

Hierdie toepassing is in ooreenstemming met Thabo Mbeki se *I am an African*-uitspraak (2004:5-6), waarvolgens dit gestel word dat

> The constitution whose adoption we celebrate constitutes an unequivocal statement that we refuse to accept that our Africaness shall be defined by our race, colour, gender and historical origins.

In aansluiting hierby beklemtoon ANC Today (2007:8-9) hierdie toepassingskonteks soos volg:

> The democratic revolution instituted various measures to transform this machinery and change its personnel peacefully and gradually, without resort to the Jacobin option. Essentially, it relied, instead, on persuasion and financial incentives ... We acceded to power in a situation in which, naturally, many institutions in our country, including business, the universities, the media and other sectors were inspired by political and ideological perspectives with which we disagreed. Deliberately, the democratic revolution did not use state power to suppress these

> perspectives. Rather, we adopted the position – let a hundred flowers bloom: let a hundred schools of thought contend![7]

Die toepassingskonteks van die transformasie-ideologie wat teenoor bogenoemde staan, is dié van Jakobyns-radikaal.

### 4.4.2 Jakobyns-radikaal

Die veronderstelling wat hier geld, is dat, á la Brinton (1965:148-204), die gematigde fase van die rewolusie nou afgehandel is en moet plek maak vir 'n meer radikale fase en selfs 'n tipe skrikbewind. Toegepas op die huidige situasie, moet die Nasionale Demokratiese Rewolusie versnel word en die party (die ANC) beheer neem om die eis van transformasie, naamlik teikens en uitkomstes, vinniger te bereik. Hiervolgens is gebrekkige transformasiesuksesse en selfs mislukkings nie te wyte aan die ideologie (harde kern) nie, maar aan die beperkte toepassing van die ideaal. Daarom moet die ideaal van die rewolusie opnuut bevestig word, opposisie teen die rewolusionêre ideaal moet geëlimineer word, terwyl aksieplanne ontwerp en teen 'n versnelde tempo geïmplementeer word om die ideaal, soos vervat in die harde kern, te laat seëvier. Hierdie toepassingskonteks lê klem op die volgende sake:

- Radikale optrede op alle vlakke (staat, samelewing en ekonomie) is nodig om die ideaal van die Nasionale Demokratiese Rewolusie te laat realiseer;
- historiese ooreenkomste verteenwoordig slegs bakens op die rewolusionêre pad en moet nie die gang van die rewolusie vertraag of dikteer nie;
- retoriek en simboliek moet die ideale van die rewolusie vervat en die mobilisasie van politieke steun binne die raamwerk van die party bevorder;
- vyande van die rewolusie moet geëlimineer word;
- die Party moet sy greep verstewig oor die staat en samelewing in belang van die ideale van politieke transformasie.

---

7 'n Toespraak met die titel *Let a hundred flowers bloom* is in 1956 deur Mao Zedong gelewer waarin konstruktiewe kritiek teen die staat en Kommunistiese Party in China versoek is. Dit is teen Julie 1957 opgeskort en kritici het hiervoor onder skoot gekom, wat deur sommige as 'n "politieke hinderlaag" beskou is.

In ANC Today (2007:9-11) onder die opskrif *A fundamental revolutionary lesson: the enemy manoeuvres but it remains the enemy* is die volgende woorde tekennend van bogenoemde perspektief:

> It is a fundamental truism of all revolutions that to guarantee its victory, every revolution must learn to defend itself. Necessarily, the task to lead the struggle for the defence of any revolution falls squarely on the shoulders of both the vanguard formation and the masses which constituted the combat troops of the victorious revolution ... This means that the motive force of our national democratic revolution, the ANC and the masses it leads, must defend and advance the democratic revolution conscious of the reality of the continuing existence and vibrancy of exactly the same forces that had, to one degree or another, opposed the victory of the national democratic revolution.

## 5. Evaluerende perspektiewe

Soos aangedui, dra ideologieë die kenmerk van ’n verstarde en gestolde lewens- en wêreldbeskouing met ’n oorvereenvoudigde logika en oplossing vir komplekse vraagstukke. Hoe ongewens ideologieë ook al is, die werklikheid is dat alle beleidsraamwerke sonder uitsondering ideologiese grondslae reflekteer en sonder politieke beleid is die funksionering van die staat nie moontlik nie. Daarom is ideologieë tegelyk ongewens, maar ook ’n belangrike aspek van die politiek. Trouens, die bedryf van die Suid-Afrikaanse politiek is kwalik moontlik sonder die aanwesigheid van ideologie in een of ander vorm. Die noodsaaklikheid hiervan maak dit egter nie ’n gewenste verskynsel nie. In belangrike opsigte is die teenoorgestelde (die ongewenstheid hiervan) ook waar.

In die Suid-Afrikaanse politieke omgewing het ideologie dus deel van die politieke landskap geword, wat van die fenomeen binne ’n beleidskonteks in belangrike opsigte ’n noodsaaklike euwel gemaak het. Politieke ideologie help burgers om hulle omgewing beter te verstaan, skets politieke ideale en stel planne van verandering voor wat politieke elites in staat stel om politieke steun te mobiliseer, om sodoende aan ’n politieke proses beslag te gee.

Soos met die periode vóór 1994 toe die verskillende manifestasies van die Afrikanervolksideologie prominent was, het die periode ná 1994 die terrein voorberei vir die totstandkoming van die transformasie-ideologie met ’n duidelike rewolusionêre inhoud, naamlik die Nasionale Demokratiese Rewolusie. Die transformasie-ideologie voldoen aan die operasionele kriteria, soos gerekonstrueer vanuit die perspektief van Seliger. Hierdie ideologiese raamwerk bied ’n

rekonstruksie en interpretasie van ’n onaanvaarbare status quo, dit projekteer ’n vooropgestelde politieke ideaal en bied ook ’n sosiaal-politieke program vir verandering aan.

Met die metateoretiese vertrekpunt, waarvolgens die harde kern van die ideologie deur ’n beskermingsgordel in plek gehou word, en wat dinamies by veranderende omstandighede aanpas, kan verskeie toepassingskontekste sedert 1994 onderskei word. Tydens die eerste toepassingskonteks (van transisie tot transformasie) het politieke beheer vooropgestaan en was die impak hiervan op die sosiale en ekonomiese terreine van die samelewing beperk. Tydens die tweede toepassingskonteks (die operasionalisering van politieke transformasie) is regeringsbeheer uitgebrei om regimebeheer deur middel van *cadre deployments* en regstellende aksie, in te sluit asook die konsekwente operasionalisering van sosiaal-ekonomiese ingenieurswese, waarin SEB-programme bepalend was en is. Die operasionalisering van politieke transformasie tot ’n volgroeide ideologie in hierdie fase het ook saamgehang met die versterking en uitbouing van die rol van die party ten opsigte van die groter regime en staat, om as dinamo te funksioneer vir die volvoering van die Nasionale Demokratiese Rewolusie.

Die huidige fase van die ontwikkeling van die toepassingskonteks van die transformasie-ideologie is dié van krisis en die behoefte aan ’n *progressive problem shift*. Die krisis hou direk verband met die konflik (ideologies en leierskapsgewys) binne die ANC asook die disfunksionele aard van die staat wat die operasionalisering van die Nasionale Projek van transformasie ernstig inhibeer. Die herdefiniëring van die toepassingskonteks sal vorentoe óf Thermidor-gematigd, óf Jakobyns-radikaal wees. Hier gaan die uitkoms van die leierskapskonflik ’n belangrike, maar nie alleenbepalende faktor wees nie.

Soos wat die geval is met bykans alle politieke ideologieë, kan daar met reg op bepaalde positiewe uitkomstes aanspraak gemaak word. Die ANC-regering maak daarop aanspraak dat die volgende bereik is gedurende die afgelope dekade (Netshitenze, 2007:30):

- Swart deelname in die ekonomie het gegroei van R12 biljoen in 1995 tot R56 biljoen in 2006;
- waar 61% van die bevolking in 1994 toegang gehad het tot skoon water, staan dit vandag op 85%;

- voldoende sanitasie toon 'n styging van 50% huishoudings in 1994, tot 71% in 2007;
- 4,2 miljoen huise is geëlektrifiseer sedert 1994, wat dui op 80% huishoudings tans;
- die getal vroue in die Nasionale Parlement en Provinsiale Wetgewers het van 25,4% (1994) tot 37,5% (2004) toegeneem.

Die ander kant van die munt is 'n reeks negatiewe politieke uitkomstes wat die transformasie-ideologie kenmerk. Die radikale en rewolusionêre aard van hierdie ideologie lei tot 'n eensydige verwronge en skeefgetrekte beeld van politieke, ekonomiese en sosiale werklikhede van die groter samelewing. Dit gee beslag aan politieke optrede en aksies wat nie altyd op hoë morele grond kan aanspraak maak nie. Enkele van hierdie aspekte word ten slotte uitgelig.

Die radikale aard van die transformasie-ideologie impliseer die permanensie van rewolusie, in 'n vorm van versnelde ewolusie – iets waarna vroeër verwys is as 'n "aaneenlopende skrikbewind". Dit impliseer beplande verandering sonder einde, gedryf deur die harde kern van die ideologie met die gepaardgaande ontwrigting op alle terreine van die samelewing wat hierdeur geraak word. Dit is bekend dat die transformasiemodus, in toepassing en aard "onnatuurlik" is, want: "... it goes against the grain of ... (the) creators of habit" (aldus Human, 1998:23). Die Suid-Afrikaanse konteks verteenwoordig geen uitsondering op hierdie reël nie.

Die kwotasamelewing waarvolgens alle rassekomponente van die samelewing gelyke deelname, betrokkenheid en voordeel moet verkry, gebruik, soos wat die geval was met apartheid, raskategorieë as maatstaf wat in eie reg bydra tot rassediskriminasie – net die omgekeerde van dit wat met apartheid die geval was. Die argument dat diskriminasie geregverdig is wanneer dit die doelstellings van transformasie hanteer, word telkens deur politieke en senior staatsamptenare geuiter. Hiervolgens is transformatiewe diskriminasie geregverdig omdat dit apartheidsdiskriminasie uitbalanseer in terme van 'n filosofie waarvolgens die doel die middele heilig. Die ironie is egter dat dit nie net lynreg teen een van die sentrale beginsels van die grondwet staan nie, maar ook in stryd is met die visiestelling van 'n verenigde, nierassige, nieseksistiese en demokratiese Suid-Afrika.

Pogings van die kant van die regering om die kwotasamelewing institusioneel gevestig te kry, veroorsaak dat institusionele raamwerke

van nie net die staat nie, maar ook van die burgerlike samelewing telkens disfunksioneel is, breinkwyn in die hand werk en polarisasie bevorder. Dit is bekend, soos vroeër genoem, dat ’n tekort aan vaardighede een van die belangrikste faktore is wat versnelde ekonomiese groei inhibeer. Hierdeur word juis die bereiking van transformasiedoelwitte aan bande gelê.

Die status van die transformasie-ideologie kan die beste uitgewys word deur die relasie tussen die ANC as party en die veronderstelde oppergesag van die Grondwet te beklemtoon. Dit blyk toenemend dat die party (geassosieer met die Nasionale Demokratiese Rewolusie en transformasie) ’n hoër status as die Grondwet geniet. Hiervolgens is die Grondwet in diens van die Nasionale Demokratiese Rewolusie en behoort die Grondwet hierby aan te pas. Dit is daarom nie vreemd nie dat die leier van die opposisie, Helen Zille, onlangs aangedui het dat sy die status van die Grondwet die party se tema vir ’n volgende verkiesing gaan maak.

’n Meer radikale toepassing van hierdie ideologiese raamwerk (die Jakobynse opsie), soos onder meer deur die ANC by Polokwane bevestig, kan die negatiewe uitkomstes van die transformasie-ideologie vererger en inhiberend inwerk op die bereiking van teikens wat met volhoubare sosiale ontwikkeling verband hou.

’n Belangrike les afkomstig uit die geskiedenis van die toepassing van ideologieë, soos byvoorbeeld kommunisme, Pan Afrikanisme, apartheid en rewolusie, is dat die meer pragmatiese politieke bestuur van verandering (teenoor rigiede ideologiese bestuur) beter daarin slaag om ’n openbare regsorde in die algemene belang van die burgery te bevorder. Juis daarom is ’n Thermidor-toepassing van die transformasie-ideologie myns insiens die beter politieke rigting om in te slaan, aangesien dit meer pragmaties en minder rigied ideologies is. Daar bestaan egter tans meer getuienis binne die politieke omgewing wat op die teendeel dui – dit wil sê ’n Jakobyns-radikale rigting. Die bepaling van ’n bepaalde toepassingskonteks (Thermidor óf Jakobyns) kan vorentoe ’n deurslaggewende faktor in die politieke toekoms van Suid-Afrika wees en ook bepalend vir die stand van demokrasie en politieke stabiliteit.

## Geraadpleegde bronne

ANC. 1997a. Draft strategy and tactics of the African National Congress. http://www.anc.org.za/ancdocs/discussion/strat97.html Date of access: 15 Jun. 2004.

ANC. 1997b. Cadre policy and deployment strategy: http://www.anc.org.za/ancdocs/pubs/umrabulo/articles/cadrepolicy.html Date of access: 2 Oct. 2004.

ANC. 2002a. Transforming state and governance. http://www.anc.org.za/ancdocs/pubs/umrabulo/umrabulo16/transformation. html Date of access: 5 March 2004.

ANC. 2002b. Economic transformation. http://www.anc.org.za/ancdocs/pubs/umrabulo16/economy.html Date of access: 5 Aug. 2004.

ANC. 2002c. Social transformation: fighting poverty and building a better life. http://www.anc.org.za/ancdocs/pubs/umrabulo/amrabulo16/social.html Date of access: 5 Oct. 2004.

ANC TODAY. 2007. A fundamental revolutionary lesson: the enemy manoeuvres but it remains the enemy. Part 1. http://www.anc.org.za/ancdocs/anc today/2007/at33.htm Date of access: 3 Oct. 2007.

BALL, T. 1976. The workshop – from pradigms to research programs: towards a post-kuhnian political science. *American journal of political science*, 20(1):151-177.

BARBER, B.R. 1996. Jihad vs. McWorld. New York: Ballantine.

BOSMAN, F. 2007. Grondhervorming: ’n kontekstuele analise. Kaapstad: FW de Klerk-Stigting.

BRATTON, M. & VAN DE WALLE, N. 1997. Democratic experiments in Africa: regime transitions in comparitive perspective. Cambridge: Cambridge University Press.

BRINTON, C. 1965. The anatomy of revolution. New York: Prentice Hall. (Revised and expanded version.)

DUVENHAGE, A. 2005a. Politieke transformasie – ’n konseptuele oriëntering en Suid-Afrikaanse toepassing. *Acta academia*, 37(3):1-40.

DUVENHAGE, A. 2005b. The dynamism of political transformation in South Africa: a general assessment. *Communitas*, 10:1-19.

DUVENHAGE, A. 2006. Die leierskapstryd binne die ANC. *Woord en daad*, 46(398):16-21.

FUKUYAMA, F. 1989. The end of history. *The national interest*: 3-18, Summer.

GELDENHUYS, D. 1999. Staatsverval. *Politeia*, 18(2):37-50.

GUMEDI, W.M. 2005. Thabo Mbeki and the battle for the soul of the ANC. Cape Town: Zebra.

HEYWOOD, A. 1997. Politics. London: Macmillan.

HUMAN, P. 1998. Yenza: a blueprint for transformation. Cape Town: Oxford University Press.

HUNTINGTON, S.P. 1996. The clash of civilizations and the remaking of the world order. New York: Simon & Schuster.

LAGEUER, W. 1968. Revolution. *Encyclopedia of the social sciences*, 13:501-507.

LAKATOS, I. 1970. Falcification and the methodology of scientific research programmes. (*In* Lakatos, I. & Musgrave, A., *eds*. Critisism and the growth of knowledge. Cambridge: Cambridge University Press. p. 91-196.)

MARR, K. 2006. Understanding B-BBEE. http://www.sagoodnews.co.za/search/bee203695.html Date of access: 10 March 2007.

MBEKI, T. 2004. I am an African. http://www.cherryflava.com/cherryflava/2004/05/iamanafrican.html Date of access: 29 May 2007.

MONTLANTLE, K. 2007. Forging a new generation of young lions: ANC today. http://www.anc.org.za/ancdocs/anctoday/2007/at33.html Date of access: 15 Sept. 2007.

MSOMI, S. 2007. Broad church: a devided house. *City press*: 21, 1 Jul.

NETSITENZE, J. 2007. Report lets us in on SA's development indicators. *City press*: 30, 24 Jun.

RDP WHITE PAPER ON RECONSTRUCTION AND DEVELOPMENT. 1994. Discussion document. http://www.anc.org.za/ancdocs/policy/white.html Date of access: 15 Aug. 2004.

SELIGER, M. 1976. Ideology and politics. London: Allen & Unwin.

SENWES. 2004. Grondhervorming: so lyk dinge 10 jaar later. http://www.senwes.co.za/afr/korporatief/seb/grondhervorming.asp Date of access: 3 Jun. 2007.

TANCRED, E. 2005. Baie geskooldes wil die land verlaat. *Rapport*: 21, 10 Jul.

VAN AARDT, P. 2006. Hele geslag wit mense verlaat SA. *Rapport*: 4, 24 Sept.

VAN TONDER, J. & Ueckerman, H. 2007. Miljoen vakante poste in SA. *Sake Rapport*: 21, 1 Apr.

WIKIPEDIA. 2007. Broad based black economic empowerment. http://en.wikipedia.org/wiki/Broad_BasedBlack_Economic_Empowerment Date of access: 4 Jun. 2007.

YOUENS, B. 2003. Local government as the focal point of delivery. *Focus*, 2nd Quarter (30):18-21.

ZARTMAN, I.W., *ed*. 1995. Collapsed states: the disintegration and restoration of legitimate authority. Boulder: Reiner.

**Kernbegrippe:**

beleidstoepassing
dinamika van ideologieë
politieke ideologie
politieke transformasie

**Key concepts:**

dynamics of ideologies
policy application
political ideology
political transformation